



Meuselaan 27, Lorraine
Tel: 041 367 1317
E-pos: info@kammalandlorraine.co.za

REËLS EN REGULASIES

KAMMALAND wil graag net die beste diens lewer aan u en u kind en daarom vra ons mooi: Lees asseblief die volgende informasie en bêre op 'n veilige plek. Kom besoek ons gerus of gee ons 'n luitjie indien u enige navrae het.

OUDERDOM:

KINDERS VANAF 0 tot 3 JAAR OUD

FOOIE:

REGISTRASIE FOOIE vir nuwe inskrywings: R300 betaalbaar saam met inhandiging van inskrywingsvorm.

REGISTRASIE FOOIE vir her-inskrywing: R100

Hierdie fooie is nie terug betaalbaar nie.

Foosie is oor 'n jaar uitgewerk en die bedrag is in 12 eweredige paaieimente verdeel. Foosie is 'n maand vooruitbetaalbaar en rente van 5% op die uitstaande bedrag sal gehef word indien dit nog nie betaal is teen die 7de van 'n maand nie. Indien die paaieiment nog steeds uitstaande is teen die 15de van die maand sal u kind toegang tot die skool geweier word.

Let asb op die volgende:

- Die 0 tot 3 jaar deel van die skool is slegs gesluit op publieke vakansiedae, skoolvakansiedae waar die publieke vakansiedag op 'n Dinsdag of Donderdag val en die Maandag of Vrydag 'n skoolvakansiedag verklaar word en ook vir 3 weke gedurende Desember/Januarie.
- Normale maandelikse foosie is betaalbaar gedurende Desember en Januarie en geen afslag word gegee nie. (Datums sal later in die jaar verskaf word)
- Geen terugbetalings vir enige afwesigheid word onderneem nie.
- Januarie foosie betaalbaar voordat die skool amptelik in Januarie begin.
- Elke kind by Kammaland moet uitgeteken word deur die persoon wat hom/haar kom haal.
- Betalings deur middel van EFT se verwysings is die kind se naam en van. Om veiligheidsredes word geen kontant by die skool gehou nie.
- **BANKBESONDERHEDE:** MCDE INVESTMENTS (PTY) LTD T/A KAMMALAND LORRAINE
BIDVEST BANK, TAKKODE: 462005, REKENING NR: 565 741 5401

DOKUMENTE BENODIG SAAM MET INSKRYWINGSVORMS:

Ons benodig afskrifte van die volgende dokumente asb:

ID van ouers/voogde

Mediese skema kaart

Kind se kliniekaart

Kind se geboortesertifikaat

(Herinskrywing benodig geen bogenoemde dokumente nie.)

KENNISGEWING:

Verskaf asb 'n kalender maand se geskrewe kennisgewing voor u kind die skool verlaat. Ouers wat hul kinders uit die skool haal sonder enige geskrewe kennisgewing, is nog steeds verantwoordelik vir die skoolfooie tot 'n geskrewe kennisgewing ontvang is by die skool. Geen kennisgewing word aanvaar na die 1ste Oktober van elke jaar nie.

KLEREDRAG:

Klere moet gemaklik wees. Geen beste en mooiste klere nie, asb. Kindertjies raak vuil gedurende die dag. Merk alle kledingstukke deeglik. Ons is nie verantwoordelik vir ongemerkte klere wat wegraak nie.

MEDISYNE:

Siek kindertjies moet by die huis bly totdat hulle volkome gesond is. Medisyne moet direk aan die volwassene aan diens gegee word sodat dit genoteer kan word. Voorgeskrewe medisyne moet vooraf afgemete word sodat die regte dosis gegee kan word. Ons neem nie verantwoordelikheid indien dosis verkeerd is nie.

DISSIPLINE:

By Kammaland word die kinders baie besig gehou, maar soms is dit nodig om die kind uit die onmiddellike omgewing te onttrek om konflik te vermy.

BENODIGHEDE:

1 x sap-/waterbottel

1 x formule bottel

laken vir bababed

Fopspeen

Weggooi doekies (Los sommer 'n pak by die skool – ons gebruik ongeveer 5 doeke per dag)

1 x blik melkformule

Ekstra klere – vir ongelukkies en afhange van die weer

'n groot genoeg sak wat elke dag gebring moet word

'n kussing en kombersie

Sonskerm

Hoedjie vir buite speel

MAANDELIKSE BENODIGHEDE:

2 x pakke "wet wipes" (80 pak) OF 2 x rolle toiletpapier (as kleintjie potjie gebruik)

1 x pak sneesdoekies

Ou T-hempie (vir verfwerk)

ALGEMEEN:

Ontbyt word om 08h00 bedien. As u kind laat is, laat hy/sy asb ontbyt by die huis nuttig. Die kleingoed word voorsien van versnaperings en 'n goed gebalanseerde middag maaltyd. Geen kos of drinkgoed is nodig vanaf die huis nie. Geen geld of speelgoed van die huis nie asb. Ons kan nie verantwoordelikheid neem hiervoor nie. Indien u vroeër u kind kom haal, reël dit vooraf met ons asb sodat ons u kindjie gereed kan kry. Slaaptyd is tussen 12:00 en 14:00. Reël asb opteltyd voor of na hierdie tye.